## REPLIEK DEUR MNR. D. VAN WYK, HOëRSKOOL STELLENBOSCH

Die spreker het 'n aanhaling gebruik om 'n wesenskenmerk van Geskiedenis te identifiseer. Dit het my weer laat besef dat dít eintlik is waaroor dit in die klaskamer gaan. Hy het gesê, en ek verafrikaans, "geskiedenis gaan oor debat, handel oor die kontroversiële, die onsekere en maak gebruik van beperkte en debatteerbare bronne". By implikasie beteken dit vir my dat daardie impulse uit die verlede, dit waaroor gesels word, dit waaroor daar 'n geheimsinnige mistigheid hang, juis dit kan wees wat die doelwitte en doelstellings van die vak nie net teoreties mooi laat klink in die sillabus nie. En dit is een van die gedagtes wat vir sommige 'n inkering kan wees en ander die wete weer bevestig dat die "spel wat in 'n klas gespeel" word (en dit is reeds gister genoem) nie feite ter wille van feite en kennis ter wille van kennis en memorisering ter wille van eksamen mag wees nie. Die vraag kan weer gevra word hoe kon ons dit so maklik regkry om met soveel sekerheid, soveel metodiese wysheid te onderrig of ons en die handboek die waarheid en alleen die volle waarheid beet het. Met dit as basiese uitgangspunt onderstreep ek wat genoem word in die referaat dat die fokus kan verskuif van Geskiedenis as net 'n liggaam van kennis na die historiese proses waar daar aktiewe deelname is, waar feite gebruikswaarde het, waar die kind toegelaat word om foute te maak en later daarin slaag om dit self reg te maak.

As daar een plek in 'n skoolgebou is wat my soms met verwondering vervul en my laat wens dat "ons dieselfde kan doen" is dit die musiekkamers. Ek kry die indruk dat daar geskep word, asof die hele leerproses lesse in kreatiwiteit is. Terwyl ons in die geskiedenisklas dit wat reeds gebeur het, wil memoriseer, asof ons besig is om voortdurend fotokopieë te maak, asof ons te alle tye presies weet wat om te maak, asof ons nie in staat is om te luister nie en asof ons nie werklik ten minste iets in die denke en verbeeldingswêreld kan skep nie. Die ontwikkeling van historiese vaardighede kan hieraan iets doen.

In die referaat word dit genoem dat enige dissipline sy staanplek in die skoolkurrikulum teoreties en pedagogies moet verantwoord. En alhoewel daar altyd spanning sal bly bestaan tussen wat as relevant beskou word, of tussen dit wat is en dit wat behoort, moet ons antwoorde aan die individu en die samelewing kan gee. Dit word dan ook so in die referaat aangedui. Die Suid-Afrikaanse samelewing, soos baie ander samelewings, word gekenmerk deur vooroordeel, polarisasie, wantroue en konflik. In 'n poging om iets daaraan te doen is 'n hartsverandering nodig. Ek wil, dalk naief, glo dat deur die ontwikkeling van vaardighede soos om te luister, kommunikasie, kritiese denke, kennistoepassing ens., gesindhede verander kan word. Dié spesifieke ingesteldheid in 'n Geskiedenisklaskamer het 'n rol te speel.

In die Kaapse skole word daar doelbewus aandag gegee aan die verwerwing van historiese vaardighede. Die tyd is te min om voorbeelde te noem, maar as vraestelle van die Kaaplandse Senior Sertifikaat-eksamen bestudeer word, is dit duidelik dat die vaardighede-komponent wel aandag kry.

Ek kry die indruk dat onderwysers versigtig is vir voortdurende nuwe teorieë wat in die praktyk toegepas moet word, omdat probleme van die gemeenskap maklik en knaend na die georganiseerde onderwys aangegee word, met die opdrag om reg te maak of te help. Geskiedenis as skoolvak het vir entoesias vele fasette, maar vaardigheidsontwikkeling behoort nie nuut te wees nie ook nie teoreties nie en daar hoef ook nie eksperimenteer te word nie. Dit behoort 'n duidelike deel van die onderrigproses te wees.

In die verbruikersklimaat waarin waarde geheg word aan die vermoë om te besit, word kennis ook aangedui deur sertifikate, diplomas en grade. Ook die leerling wil presies weet watter kennisinhoude getoets gaan word in die eksamen sodat dit geleer kan word. Miskien is die vaardigheidsdoelstelling goed in veral in standerds 6 tot 9 omdat die beklemtoning van eksamen en punte genadiglik ten minste vir 'n wyle eenkant gelaat kan word.

Ten slotte wil ek ook saamstem dat die debat oor die aanleer van inhoud versus die ontwikkeling van vaardighede nie net afgesluit moet word nie, maar in die eerste plek nooit 'n debat moes gewees het nie en dat die verwerwing van kennis, gesindhede en vaardighede wel beskou kan word as doen die een, maar moenie die ander nalaat nie.

Ek wil byvoeg dat vaardigheidsontwikkeling deur die onderrig van Geskiedenis kan meehelp dat die mens 'n eie waardesisteem ontwikkel en die voorwaardes waarvolgens hy wil leef self kan interpreteer, omdat die doelwitte van Geskiedenis nie skielik hoef op te hou wanneer die eindeksamen geskryf is nie. Anders, en mag ons tog daarvan bewaar word, kry ons 'n groot aantal visielose tegnokrate en burokrate wat geen land kan bekostig nie.